Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2021-06-10

Geagte Ouer/Voog

SPESIALE OMSENDBRIEF - TOETSREEKS /COVID-19

Die skool het dit goedgedink om voorkomende maatreëls t.o.v. die groeiende aantal Covid gevalle in Gauteng en omgewing, alternatiewe reëlings te tref tydens die toetsreeks wat strek oor die volgende 2 weke asook die week daarna (Maandag, 14 Junie tot 9 Julie)

Die toetsdag sal weer in 2 sessies verdeel word en die kinders en personeel sal in een lokaal bly. Daar sal slegs 1 pouse per dag wees. Leerlinge sal dan 'n geleentheid hê om gedurende die 1ste sessie voor te berei vir die toets op die betrokke dag. Tydens die dae wat daar niks geskryf word nie, word dieselfde reëling gehandhaaf, die leerlinge gebruik net die beskikbare tyd om te studeer en agterstallige werk in te haal. Geen leerling mag op enige dag tuis bly nie en moet teenwoordig wees soos die wet bepaal.

Hierdie reëling geld vir alle leerlinge vanaf Gr RRR tot Gr 7. ***Daar sal voorsiening gemaak word vir leerlinge wie se ouers hulle nie 12:00 by die skool kan kom afhaal nie.*** Personeel het die versekering gegee dat die akademiese werk teen môre op datum sal wees so geen akademiese tyd word ingeboet nie.

VERDAAGTYE

Gr RRR - Gr R	12:15
Gr 1 - 3	12:00
Gr 4 - 5	11:45
Gr 6 - 7	12:00
LSEN	11:45

Let asb daarop dat hierdie reëling dit veiliger maak aangesien leerlinge nie wissel nie, klasse kleiner is, personeel nie wissel nie en sosiale afstande makliker gehandhaaf kan word. Kontaktyd word dan ook in die geheel verminder. Tydens pouses sal die strenger protokolle weer gehandhaaf word waar leerlinge uitmekaar gespasieer sal word soos voorgeskryf.

NB!!!! Klasse sal daagliks gesaniteer word.

Tans is daar geen rede tot paniek nie soos vroeër in die brief gesê is hierdie slegs 'n bykomende voorsorg maatreël om die verspreiding te bekamp.

Ons sal tydens hierdie tydperk geen besoekers in die kantoor toelaat nie. Vir alle finansiële navrae of betalings moet u asb vooraf skakel vir 'n afspraak. Ons doen ook asb 'n beroep dat u nie pakkies vir leerlinge aflaai by die kantoor nie, ons gaan dit nie in ontvangs neem nie. Maak asb vooraf reëlings met die kantoor in die geval van verjaarsdae.

Indien u enige navrae het kan u my te enige tyd op my selfoon skakel op whatsapp (082 656 6038). Baie dankie dat ons weereens op u as ouers se knoppies kan druk in moeilike tye soos hierdie waar ons u samewerking nodig het. Ons kinders, ouers en personeel se beste belange moet eerste gestel word.

Dit is uiters belangrik dat alle ouers asb. die aangehegte skeurstrokie voltooi en terugstuur Vrydag, 11 Junie vir kennis aan die Onderwys- en Gesondheidsdepartement.

NB!! Die naskoolsentrum sal normaal funksioneer.

TOETSROOSTER

DATUM	*VAK*	*Sessie 1*	*Sessie 2*	*GR*
Maandag, 14 Junie	Kuns en Kultuur	Leer	Skryf	Gr 7
	Leer / Vang agterstallige werk op			Gr 4 - 6
Dinsdag, 15 Junie	LV LO	Leer	Skryf	Gr 4 - 6 Gr 7
Woensdag, 16 Junie	***Vakansiedag***			
Donderdag, 17 Junie	Leer / Vang agterstallige werk op			
Vrydag, 18 Junie	NW	Leer	Skryf	Gr 4 - 7
Maandag, 21 Junie	SW (Geografie)	Leer	Skryf	Gr 4 - 7
Dinsdag, 22 Junie	Leer / Vang agterstallige werk op			
Woensdag, 23 Junie	Wisk	Leer	Skryf	Gr 4 - 7
Donderdag, 24 Junie	EBW	Leer	Skryf	Gr 7
	Leer / Vang agterstallige werk op			Gr 4 - 6
Vrydag, 25 Junie	Engels	Leer	Skryf	Gr 4 - 7
Maandag, 28 Junie	Afrikaans	Leer	Skryf	Gr 4 - 7
Dinsdag, 29 Junie	Leer / Vang agterstallige werk op			
Woensdag, 30 Junie	SW (Gesk)	Leer	Skryf	Gr 4 - 7
Donderdag, 1 Julie	Leer			
Vrydag, 2 Julie	Tegnologie	Leer	Skryf	Gr 7
	Opvoedkundige program			Gr 4 - 6
5 - 9 Julie	Opvoedkundige program			Gr 4 - 7

Maak asb. seker dat u kind/kinders hard leer vir hul toetse!!!!

WENKE VIR DIE TOETSREEKS

- Beplan jou studievertrek
  - Genoeg lig en lug
  - Sit regop
  - Sonder jouself af, weg van geraas
- Om makliker te leer maak opsommings vir jouself.
- Moenie al die werk op een dag probeer leer nie, probeer van die werk voor die tyd leer. (Veral op naweke kan dit goed werk.)
- Gaan slaap vroeg in die aand.
- Voordat jy skool toe kom eet eers ontbyt.
- Drink genoeg water.
- Voordat jy die vraestel beantwoord lees eers vinnig deur die vraestel.
- Indien daar 'n vraag is wat jy nie dadelik kan beantwoord nie, moenie wag nie, gaan dan na die volgende vraag.
- Nadat jy al die vrae voltooi het, gaan jou vraestel weer deur en kyk of jy nie dalk 'n verkeerde antwoord ingevul het nie.
- Sterkte met die toetsreeks!

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
www.laerskoolelspark.co.za

Skeurstrokie - Toetsreeks

Hiermee gee ek, _____ ouer/voog van _____ in Gr _____ toestemming dat hy/sy vanaf Maandag, 14 Junie tot Vrydag, 9 Julie 2021 om 11:45 (Gr 4,5 en LSEN) / 12:00 (Gr 1, 2, 3, 6 en 7) / 12:15 (Kleuterskool) huis toe mag gaan.

Ek onderneem ook dat my kind netjies geklee sal wees (skooldrag en hare volgens die skoolreëls) tydens die komende toetsreeks.

_____ _____

Handtekening Kontaknommer